Hoe om meer van soogdiere te leer – vasvra

Hierdie vasvra kan as deel van enige spanbyeenkoms gebruik word. Die vasvra en uitkenning van diere kan ook vir die Dierekennisspesialisasie (Gr 4) gebruik word.

? Stappe

1. Vra ’n paar algemene vrae oor soogdiere. Verdeel die span in twee of laat elke spanlid individueel deelneem.

2. **Vrae**

Alle soogdiere het sewe nekwerwels. Hoeveel nekwerwels het ’n kameelperd? Sewe

Wat is die grootste landsoogdier? Olifant

Wat is die tweede grootste landsoogdier? Kameelperd

Wat is die grootste soogdier op aarde? Blouwalvis

Wat is die grootste boksoort op aarde? Eland

Wat is die kleinste soogdier? Dwergskeerbekmuis

Watter vyf diere staan bekend as die groot vyf? Olifant, buffel, leeu, luiperd, renoster

Watter soogdiere het reeds uitgesterf? Kaapse bergleeu, kwagga, bloubok

Wat veroorsaak dat dierspesies uitsterf? Vernietiging van natuurlike habitat; jag; uitwissing weens gifstowwe of besoedeling.

Wat is Suid-Afrika se skaarsste (mees bedreigde) soogdier? Rivierkonyn

Watter ander soogdiere is in Suid-Afrika bedreig? Wildehonde, bontebokke, renosters, walvisse, bergsebras.

Wat is die natuurlike habitat van die volgende soogdiere?

Kameelperde – grasvelde met verspreide bome

Gemsbok – woestyn

Swartwildebeeste – grasveld

Eekhorinkies – woude

Erdvark – gat in die grond

Wat is die natuurlike vyand van die volgende diere?

Springbok – leeu, luiperd, jagluiperd

Swartwildebees – leeu, jagluiperd

Bobbejane – luiperd

Wat is die gevaarlikste soogdier op aarde? Die mens. Mense vernietig die habitat, strooi rommel, roei diere uit.

Wat is my taak as Voortrekker? Om die natuur te waardeer en te bewaar. Gebruik die natuur se hulpbronne (water, diere en plantegroei) so dat dit nie uitgeput word nie.

3. Op die volgende bladsy is die fotoraai. Maak ’n drukstuk vir elke spanlid of groep / span. Laat hulle die diere se name neerskryf.

☺ Wenke

1. Die fotoraai en vasvra kan ook vir jonger spanne gebruik word. Dit is dan nie nodig dat hulle die diere se name neerskryf nie. Hulle kan net elke dier identifiseer.

🕮 Bronne

1. Hoe wyd kan ’n seekoei se bek ooprek? Jaco Jacobs en Renier Terblanche

Soogdiere

Kyk na die volgende prentjies en skryf die naam van die soogdier neer.

Kies uit die volgende name: Walvis, Dolfyn, steenbok, wit renoster, swart renoster, koedoe, gemsbok, rooihartbees, rooibok, duiker, rooijakkals, gebande muishond, meerkat, eekhorinkie, springbok, olifant, kameelperd, seekoei, bobbejaan, blouaap, eland, jagluiperd, luiperd.

Antwoorde

blouaap	eekhorinkie	eland	jagluiperd
gebande muishond	bobbejaan	luiperd	olifant
kameelperd	gemsbok	walvis	meerkat
rooibok	rooijakkals	seekoei	springbok
swart renoster	steenbok	wit renoster	koedoe